Vriende,

Die Covid-19 pandemie het die wêreld onkant gevang. Daarby het dit die kerk by nuwe vrae en uitdagings gebring en ons vertrou dat julle te midde daarvan, ‘n baie geseënde Paasfees beleef het!

Een van die uitdagings wat ons in die oë moet kyk, is hoe ons volhoubaar voortgaan met ons werk te midde van die ekonomiese krisis wat a.g.v. die virus aan die ontwikkel is. Die moderatuur het daarom in oorleg met taakspanne wat met die Sinode se finansies gemoeid is, gedagtes begin wissel oor hoe ons moontlik die pad vorentoe kan loop.

Na aanleiding daarvan die volgende:

1. Ons besef dat gemeentes opreg stoei met vrae oor hoe hulle hierdie krisis in hulle eie geledere moet hanteer.

2. Ons het kennis geneem van talle gemeentes wat reeds duidelike stappe geneem het om die nood in hulle omgewing te help verlig.

3. Ons besef dat die virus ‘n enorme invloed op gemeentes se finansies het en dat dit ‘n domino-effek gaan hê op gemeentes se vermoë om ‘n impak in hulle gemeenskap, asook binne die groter sfeer van die Noordelike Sinode, te maak.

4. Terwyl die volle impak van die virus nog nie duidelik is nie, wil die moderatuur graag in gesprek bly met gemeentes oor hoe die Sinode hulle kan bystaan.

5. Die Noordelike Sinode is ‘n familie wat in hierdie tyd praktiese gestalte sal moet gee aan ons verbintenis aan mekaar as kerkverband. Ons sal moet hande vat en mekaar deur die krisis help. Dit kan dalk beteken dat ons almal ook in ons reserwes sal moet indelf.

6. Die Noordelike Sinode gee tans 70% van haar jaarlikse begroting om bediening te ondersteun. Ons gaan ons uiterste bes doen om voort te gaan om mense in nood by te staan.

7. Die huidige sisteem waarvolgens gemeentes bydra om bogenoemde te kan doen, is so ontwerp dat elke gemeente ‘n persentasie van sy huidige inkomste daarvoor beskikbaar stel. Indien omstandighede, soos nou met die virus, maak dat ‘n gemeente se inkomste drasties afneem, betaal die gemeente steeds slegs die betrokke persentasie op sy werklike inkomste. ‘n Gemeente kan daarom in oorleg met die ring se verteenwoordiger vir finansies, die rekenmeester by die Sinodehuis kontak om haar debietorderbedrag dienooreenkomstig aan te pas.

Kom ons hou aan om vir mekaar te bid en met mekaar te praat in ons soeke na die beste pad vorentoe. Baie sterkte vir die uitdagings aan julle kant!

Groete,

Moderatuur

15 April 2020